Die Kruisweg

saamgestel as ‘n biduur

Eerste Uitgawe, Maart 2021

© DIE ORATORIUM UITGEWERY™
'n Afdeling van die Kongregasie van die Oratorium van
St. Filip Neri in Oudtshoorn, 'n Geregistreerde Openbare
Weldaadsorganisasie: Registrasie nommer 93/0000/036

Posbus 407, Oudtshoorn, 6620
Tel: (044) 203 9600 | Faks: (044) 272 0822

Publikasies van DIE ORATORIUM UITGEWERY™ verwoord die geloof, leerstellings en die lewe van die Katolieke Kerk. Dit is onder andere gebaseer op die Heilige Skrif, die dokumente van die Tweede Vatikaanse Konsilie en die Universele Kategismus van die Katolieke Kerk.

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat– of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring en –ontsluiting.

Uitleg, tipografie en setwerk: DIE ORATORIUM UITGEWERY™

ERKENNING

© Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans (1953-vertaling): Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Waar dié vertaling gebruik is, word dit aangedui deur (OV).

© Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans (1983-vertaling) met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Waar dié vertaling gebruik is, word dit aangedui deur (NV).

© Aanhalings uit die Bybel (2020-vertaling) met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Waar dié vertaling gebruik is, word dit aangedui deur (DV).

Die bedoeling is dat ons leer hoe om mens te wees deur na die lewe van Jesus te kyk en daarvan te leer. Ons moet onsself leegmaak van alles wat nie liefde is nie. Dikwels gaan ons foute maak. Ons gaan struikel en val, maar ons staan op en probeer weer. Soos 'n kleuter wat leer hoe om te loop, wat 'n paar onseker treë vorentoe neem en dan val en maar weer opbeur.

Die groot ironie van Goeie Vrydag is natuurlik die feit dat alles van Hom weggeneem is – Hy wat eintlik alles is. En Hy, wat Koning bo alle konings is en Here bo alle here, is met dorings gekroon. Hy is God se ewige teken aan die mensdom, en tog is sy arms oopgespalk en vasgespyker teen die kruishout omdat Hy dit gewaag het om met en deur sy lewe die gevaarlikste woorde wat 'n mens kan sê, te uiter: EK HET JULLE LIEF!

DIE KRUISWEG

SAAMGESTEL AS 'N BIDUUR

INLEIDING

EERSTE STASIE JESUS WORD TER DOOD VEROORDEEL

TWEEDE STASIE JESUS NEEM DIE KRUIS OP SY SKOUERS

DERDE STASIE JESUS VAL DIE EERSTE KEER ONDER DIE KRUIS

VIERDE STASIE JESUS ONTMOET SY BEDROEFDE MOEDER

VYFDE STASIE SIMON VAN CIRÉNE HELP JESUS DIE KRUIS DRA

SESDE STASIE VERONICA DROOG DIE GESIG VAN JESUS AF

SEWENDE STASIE JESUS VAL DIE TWEED KEER ONDER DIE KRUIS

AGSTE STASIE JESUS TROOS DIE WENENDE VROUE

NEGENDE STASIE JESUS VAL DIE DERDE KEER ONDER DIE KRUIS

TIENDE STASIE JESUS WORD VAN SY KLERE BEROOF

ELFDE STASIE JESUS WORD AAN DIE KRUIS GEHANG

TWAALFDE STASIE JESUS STERF AAN DIE KRUIS

DER TIENDE STASIE JESUS WORD VAN DIE KRUIS AFGEHAAL

VEER TIENDE STASIE JESUS WORD IN DIE GRAF NEERGELÊ

DIE SLOTRITE

"Maar wat my betref, mag dit my tog nie oorkom dat ek my op iets beroem nie, behalwe op die kruis van ons Here Jesus Christus, waardeur die wêreld vir my gekruisig is, en ek vir die wêreld." (Galasiërs 6:14, DV)

V/ VOORGANGER - *A/* ALMAL - *L/* LESER

INTREE GESANG

O kom en rou met my vir nou,
kom weg van waar die wêreld druis,
kom, laat ons met Maria treur,
ons liewe Heer, ons liewe Heer,
hang aan die kruis.

Soldate laster, mense spot,
wyl volksgemurmur om Hom druis;
Hy ly maar stil, en bid vir hul,
ons liewe Heer, ons liewe Heer,
hang aan die kruis.

Die sewe woorde wat Hy spreek,
preek luid vir ons wat Hom verguis,
ons neigings volg, en Hom vergeet,
Ek, julle Heer, Ek, julle Heer,
hang aan die kruis.

Bid vir gewetens vol berou,
vol liefdesmarte, diep en kuis,
bid om 'n teder tranevloed,
ons liewe Heer, ons liewe Heer,
hang aan die kruis.
(Uit die Sing voor die Here 2020, nr. 350)

V/ Mag u die gawe van die ewige lewe van Hom ontvang,
wat u deur sy dood van die ewige dood bevry het.
A/ Amen.

V/ Mag u ook deel hê
aan die Opstanding van Jesus Christus,
Hy wat u Leidsman en Verlosser is.
A/ Amen.

V/ Mag die almagtige God u seën, † Vader, Seun en Heilige Gees.
A/ Amen.

SLOT GESANG

Jesus hou my by die kruis,
die fontein van lewe;
wat daar vloei vir almal vry
van sy lydingsheuwel.
R/ *In die kruis, in die kruis,*
sal ek roem vir ewig;
tot my siel eens daar sal rus,
waar ons ewig lewe.

Na die kruis wend ek my eens
vir u heil en lewe;
daar het U my siel gered;
rig na U my strewe! ***R/***

Hou die kruis, o Lam van God,
nou vir altyd voor my;
leer my wandel dag na dag
met sy skadu oor my. ***R/***

By die kruis neem ek my stand,
wagtend met vertroue,
tot geloof aan hemelstrand
oorgaan tot aanskoue. ***R/***
(Uit die Sing voor die Here 2020, nr. 209)

V/ Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons.
A/ God, wees ons, sondaars, genadig.

Die volgende vers word gesing::

Dan sal ons deur u genade
en met reiner liefdesdade
ons Verlosser dien en eer.

Christe, cum sit hinc exire
da per Matrem me venire
ad palmam victoriae.

DIE SLOTRITE

V/ God, ons almagtige Vader,
U het u Seun, Jesus Christus, uit die dood laat opstaan.
Ons bid nou tot U met die woorde wat Hy ons geleer het:
A/ Onse Vader ...

V/ Barmhartige God,
ons het in hierdie heilige geheimenisse
die nagedagtenis gevier van die lyding van u Seun.
Laat elkeen van ons se gees daardeur lewend gemaak word
en verlig, versterk en met vurige ywer besiel word
en daardeur aangespoor word om Hom getrou na te volg.
Gee ons die krag om na sy voorbeeld
ons kruise gewillig en met geloof te dra.
Deur Christus, onse Here.
A/ Amen.

DIE SLOT SEËNBEDE

V/ God, ons barmhartige Vader,
wat in die lyding van sy Seun
vir ons 'n voorbeeld van liefde gegee het,
skenk u nou, deur u diens
aan God en u medemense die ryk gawe van sy seën.
A/ Amen.

DIE OPENINGSRITE

V/ In die naam van die Vader, en van die Seun, en van die Heilige Gees.
A/ Amen.

V/ Die genade van onse Here Jesus Christus,
wat vir ons aan die kruis gehang het, wees met u almal.
A/ Amen.

INLEIDING

Kom, laat ons nou met geloof en eerbied hierdie Kruisweg bid en so die Here Jesus volg, Hy wat eens sy stad Jerusalem binnegegaan het om daar deur sy Lyding, Dood en Opstanding die Paasgeheimenis te volbring. Hy gee ons die krag om as sy volgelinge in sy Lewe en in sy Kruis en in sy Opstanding te deel. Dit doen ons deur sy Heilige Gees in ons eie lewens toe te laat.

VOORLESING UIT DIE HEILIGE SKRIF

L: Ons luister na die woorde van die apostel Paulus aan die Christene van Filippi

"Hoewel Hy in die gestalte van God was, het Hy gelykheid aan God nie beskou as iets om aan vas te klem nie, maar Hy het Homself daarvan leeggemaak, deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het, het Hy Homself verneder, deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en aan Hom die Naam geskenk wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elke knie sal buig – van diegene in die hemel en op die aarde en onder die aarde – en elke tong sal bely; "Jesus Christus is die Here!" tot eer van God die Vader. (2:6-11, DV).

GEBED

V/ Laat ons bid:

Almagtige God, in die roemvolle lyding van u Seun
het U ons laat sien hoe ons deur die weg van die kruis
tot die ewige heerlikheid kan kom.

Ons bid U genadig:
gee dat ons wat Hom met opregte toewyding
na Golgota vergesel het,
Hom al die pad tot in sy oorwinning sal volg.
Deur Christus, onse Here.
A/ Amen.

Hy watDie volgende vers word gesing::

Aan die kruis met troue wyding
staan die Moeder in haar lyding,
waar Hy hang, die Man van Smart.

Stabat Mater dolorosa
juxta Crucem lacrimosa,
dum pendebat Filius.

EERSTE STASIE

JESUS WORD TER DOOD VEROORDEEL

V/ Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
A/ want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

VOORLESING UIT DIE HEILIGE SKRIF

L/: *Ons luister na die woorde van die heilige Evangelie volgens Matteus*

"Pilatus vra hulle toe: "Wat moet ek maak met Jesus wat as Christus bekend staan?" Hulle roep toe almal uit: "Laat Hy gekruisig word!" Hy het gevra: "Maar watter kwaad

V/ Here, soos 'n graankorrel het U in die aarde geval,
en toe het U die vrugte van die ewige lewe voortgebring;
gee dat ons dood sal wees vir die sonde en vir God alleen sal lewe.
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ Goeie Herder,
die graf het gemaak dat almal U nie meer kon sien nie,
leer ons om dié diep verborge lewe waar ons verbind is met God,
die Vader, te waardeer.
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ U is die nuwe Adam,
U het afgedaal na die doderyk om die regverdiges te bevry;
maak dat hulle wat die sonde afgesterf het,
u stem sal hoor en vir ewig sal lewe.
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ Seun van die lewende God,
deur die doop is ons met U begrawe;
laat ons nou al deel in u Opstanding deur 'n nuwe en beter lewe te lei.
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ Heilige Vader, magtige ewige God,
ons dank U altyd en oral deur Christus, onse Here;
want Hy wat uit die dood opgestaan het,
Hy is die lig van die wêreld, ons enigste hoop;
in ons angs vir ons eie dood,
troos u belofte ons
dat ook ons eendag saam met Hom onsterflik sal wees.
God, U neem nie die lewe van ons af nie,
U maak ons lewe nuut,
dit glo ons, want u woord leer ons dit;
as ons aardse huis, ons liggaam, afgebreek word,
het Jesus alreeds vir ons 'n plek voorberei
in u huis, om daar vir altyd te woon,
Hy wat met U leef en heers tot in alle ewigheid.
A/ Amen.

"By die plek waar Hy gekruisig is, was daar 'n tuin, en in die tuin 'n nuwe graf waarin niemand nog ooit neergelê is nie. Daar het hulle Jesus toe neergelê, omdat dit die Voorbereidingsdag van die Jode was, en aangesien die graf daar naby was." *(19:41-42, DV)*

OORDENKING

Daar heers 'n groot stilte oor die hele aarde. 'n Groot stilte en 'n groot verlatenheid. 'n Groot stilte omdat die Koning slaap. Die aarde kom tot rus omdat God in die vlees aan die slaap geraak het om hulle wat van ouds af in doodslaap verkeer op te wek. God het in die vlees gesterf en so die doderyk in beroering gebring. "Ek beveel julle: Word wakker, julle wat slaap, want daarvoor het Ek julle nie geskep nie. Julle is nie vir die doderyk geskep nie. Staan op uit die dood. Ek is die Lewe van die gestorwenes. Staan op, maaksels van My hande. Staan op, My ewebeeld, wat na My gelykenis geskape is. Staan op, laat ons weggaan van hier. Want julle is in My en Ek in julle, ons is één, een ondeelbare Persoon. Vir julle het Ek, julle God, julle Seun geword." *(Uit 'n antieke homilie vir Stille Saterdag)*

SMEEKBEDE

V/ Ons wend ons tot ons Verlosser,
wat vir ons gesterf het, begrawe is en uit die dood opgestaan het:
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ Christus, onse Heiland,
u Moeder was getuie van u dood en u begrafnis;
laat ons al ons eie leed aanvaar as deelname aan u lyding.
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

het hy dan gedoen?" Hulle het egter nog harder geskreeu: "Laat Hy gekruisig word!" Toe Pilatus sien dat hy niks bereik nie, maar dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water geneem en voor die skare sy hande gewas en gesê: "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man. Julle moet maar self toesien. Die hele volk het geantwoord: "Laat sy bloed op ons en ons kinders kom!" Daarop het hy Barabbas vir hulle vrygelaat, maar Jesus het hy laat gesel, en toe oorgelewer om gekruisig te word." *(27: 22-26, DV)*

OORDENKING

Hy wat self onskuldig was,
het dit gewil om te ly vir hulle wat skuldig is;
Hy wat geen kwaad gedoen het nie
is ter wille van ons sondaars veroordeel.
Sy dood het ons sondes uitgewis,
sy Opstanding uit die dood bring ons geregtigheid.

SMEEKBEDE

V/ Kom ons bid tot Christus, die Koning van die hele skepping:
A/ Here, laat u koninkryk kom!

V/ Christus, ons Herder, lei ons deur die Kruisweg van ons eie lewe
na die hemelse heerlikheid, waar U lewe gee in oorvloed.
A/ Here, laat u koninkryk kom!

V/ Vredevors, verban alle haat en oorlog uit ons lewens
en laat ons ware vrede ken.
A/ Here, laat u koninkryk kom!

V/ Goddelike regter, gee ons by die oordeel 'n plek aan u regterhand
en lei ons binne u ewige Hemelryk.
A/ Here, laat u koninkryk kom!

V/ Here, as die eerste het U uit die dood verrys;
laat alle oorledenes deel in die geluk van die Opstanding.
A/ Here, laat u koninkryk kom!

V/ Barmhartige God,
U verafsku die sonde en gee ons die krag tot bekering.
U vergewe ons foute en nooi ons uit tot 'n nuwe begin.
Ons dank U dat U ons altyd genadig is.
Gee ons die moed om ons te bekeer.
Gee ons die krag om opnuut te begin.
Deur Christus, onse Here.
A/ Amen.

V/ Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons.
A/ God, wees ons, sondaars, genadig.

Die volgende vers word gesing:

En in daardie bitter stonde
slaan die swaard sy diepe wonde
in haar siel en moederhart.

Cujus animan gementem,
contristatam et dolentem,
pertransivit gladius.

TWEEDE STASIE

JESUS NEEM DIE KRUIS OP SY SKOUERS

V/ Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
A/ want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

VOORLESING UIT DIE HEILIGE SKRIF

L/: Ons luister na die woorde van die heilige Evangelie volgens Johannes

"Toe lewer Pilatus Hom aan hulle uit om gekruisig te woord. En hulle het Hom weggelei. Jesus het self die kruis

In haar onbevlekte hart het sy u Woord opgeneem
en Hom in haar maagdelike skoot ontvang;
haar Verlosser het sy in die wêreld gebring
en die vroeë Kerk met haar sorg omring.

Onder die kruis het sy gestaan
en die testament ontvang van God se liefde
en so kon sy alle mense aanneem as haar kinders
wat tot die goddelike lewe herbore is
deur die dood van Christus,
u Seun en onse Here,
wat met U leef en heers tot in alle ewigheid.
A/ Amen.

V/ Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons.
A/ **God, wees ons, sondaars, genadig.**

Die volgende vers word gesing:

Liewe Jesus, laat u smarte
spreek tot onse menseharte;
Bron van liefde, troue Heer.

Flammis ne urar succensus,
per te, Virgo, sim defensus
in die judicii.

VEERTIENDE STASIE

JESUS WORD IN DIE GRAF NEERGELÊ

V/ Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
A/ want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

VOORLESING UIT DIE HEILIGE SKRIF

L/: Ons luister na die woorde van die heilige Evangelie volgens Johannes

ontslae raak van alles wat ons nie meer nodig het nie. Daarom sê die Heilige Skrif: 'Laat my die dood van die regverdiges sterf". Dit beteken: "Laat ek my sondes begrawe deur alle sondigheid af te lê en die genade van die regverdiges ontvang, hulle wat die doodslyding van Christus in hul liggaam en in hul siel saamdra." *(Uit die traktaat 'Die salige dood' van Sint Ambrosius)*

SMEEKBEDE

V/ Ons wend ons tot die Heer,
wat ons deur sy kruisdood en opstanding verlos het:
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ Seun van God,
deur die teken van die koperslang het U
die volk van Israel van die dood gered;
beskerm ons deur u kruis teen alle kwaad wat ons bedreig.
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ U is die Seun van die Mens
wat van die aarde omhoog verhewe is;
bring ons deur u kruis tot die vreugde van u Koninkryk.
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ Eniggebore Seun van die Vader,
U het in die wêreld gekom, sodat wie in U glo nie verlore sal gaan nie,
skenk deur u kruis die ewige lewe aan almal wat U soek.
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ U is die geliefde Seun,
wat deur die Vader aan ons gegee is vir die redding van die wêreld;
bevestig ons deur u kruis in die geloof en in die liefde.
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ Heilige Vader, magtige ewige God,
ons verheerlik U ter wille van die Heilige Maagd Maria.

gedra, en het uitgegaan na die sogenaamde ''Kop-beenplek' in Hebreeus Golgota genoem." *(19:16-17, DV)*

OORDENKING

Die Here Jesus het sy dissipels geleer dat as enigeen sy volgeling wil word die persoon sy of haar kruis sal moet opneem om Hom te volg. So leer Hy ons deur sy eie voorbeeld – almal wat opreg na vrede en geregtigheid soek sal vroeër of later die kruise wat die wêreld en die vlees op ons lê op hul skouers moet neem.

SMEEKBEDE

V/ Kom ons bid vol vertroue tot tot die Here Jesus Christus,
in hierdie tyd van boete en beproewing:
A/ Here, ontferm U oor u volk.

V/ Met u uitgestrekte hande aan die kruis het U genade
oor ons gebroke wêreld uitgestort;
laat u Gees wat ons by ons doop ontvang het kragtig in ons leef.
A/ Here, ontferm U oor u volk.

V/ Verlig ons almal deur die woorde van u Evangelie,
want dié woorde gee lewe.
A/ Here, ontferm U oor u volk.

V/ Maak al ons opoffering vrugbaar deur u Lyding
en lei ons op die weg na die heerlikheid van u Opstanding.
A/ Here, ontferm U oor u volk.

V/ Gee ons 'n groter liefde vir almal wat in nood verkeer,
sodat ons die naam Christen waardig mag wees.
A/ Here, ontferm U oor u volk.

V/ Almagtige ewige God,
U het u Seun met menslikheid beklee
en Hom die kruis van dienaarskap laat dra.

Gee dat ons as dienaars van die Meester
Hom in sy lyding sal volg
om eendag ook te kan deel
in die vreugde van sy Verrysenis.
Deur Christus, onse Here.
A/ Amen.

V/ Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons.
A/ God, wees ons, sondaars, genadig.

Die volgende vers word gesing:

In haar droefheid, hoe verslae
hoe vol deernis te beklae
staan sy nou – eens hoog vereer.

O quam tristis et afflicta
fuit illa benedicta
Mater Unigeniti!

DERDE STASIE

JESUS VAL DIE EERSTE KEER ONDER DIE KRUIS

V/ Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
A/ want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

VOORLESING UIT DIE HEILIGE SKRIF

L/: *Ons luister na die woorde van die heilige Evangelie volgens Markus*

"Hy het 'n entjie verder gegaan, op die grond neergeval en gebid dat, as dit moontlik is, die uur by Hom moet verbygaan. Hy het gesmeek: "Abba, Vader, alle dinge is vir U moontlik. Neem hierdie beker van My af weg – nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil. *(14:35-36, DV).*

Fac, ut portem Christi mortem,
passionis fac consortem
et plagas recolere.

DERTIENDE STASIE

JESUS WORD VAN DIE KRUIS AFGEHAAL

V/ Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
A/ want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

VOORLESING UIT DIE HEILIGE SKRIF

L/: *Ons luister na die woorde van die heilige Evangelie volgens Markus*

"Toe dit reeds laat geword het, en aangesien dit die Voorbereidingsdag was, die dag voor die Sabbat, het Josef van Arimatea, 'n vooraanstaande lid van die Raad, wat ook uitgesien het na die koninkryk van God, na Pilatus gegaan. Hy het moed bymekaargeskraap en die liggaam van Jesus gevra. Pilatus was verbaas dat Hy al dood was, en het die centurio laat roep en hom gevra of Hy reeds 'n geruime tyd dood was. Toe hy dit van die centurio verneem het, het hy die lyk vir Josef gegee. Josef het toe 'n linnedoek gekoop, en Hom, nadat hy Hom van die kruis afgehaal het, in die linnedoek toegedraai en neergelê." *(15:42-46a, DV).*

OORDENKING

Laat die woord "dood' u nie skok nie. Dink daaraan wat dit eintlik beteken, dit gaan oor die oorgang van dit wat goed is en behoue bly en die begrawe van dit wat nie meer nut het nie en dus geen doel meer dien nie. Want wat is die dood anders as die begrawe van ondeugde en die

V/ Christus, onse lewe,
U het deur u kruisdood die dood oorwin;
laat ons met U sterwe om saam met U in heerlikheid te verrys.
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ Jesus, ons Koning,
U is deur die mense verstoot en as 'n wurm vertrap;
laat ons U in nederigheid volg.
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ Heiland, U het u lewe vir almal gegee;
raak ons aan met u liefde, sodat ons ook vir ander mense sal lewe.
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ Verlosser van die wêreld,
U het aan die kruis u hande uitgestrek
om die hele skepping na U toe te trek;
bring alle mense saam in u Koninkryk.
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ Here,
vrywillig het u Seun Homself oorgelewer
in die hande van sy vyande.
Ons bid U:
wees ons, u volk, genadig
omwille van Hom
wat aan die kruis vir ons gely het:
Jesus Christus, onse Here.
A: Amen.

V/ Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons.
A/ God, wees ons, sondaars, genadig.

Die volgende vers word gesing:

Mag die kruishout en sy Lyding
teken wees van ons bevryding
as ons sterf en voor Hom staan.

OORDENKING

Om die Wil van God bo ons eie wil, ons eie begeertes en verlangens, te plaas, dit is die kenmerk van 'n ware volgeling van die Here Jesus. Deur die mens Jesus Christus buig God Homself neer na ons toe, om ons te hulp te kom, om ons die hand te reik daar waar ons in die stof en modder van ons eie gemene begeertes vassit.

SMEEKBEDE

V/ Ons bid tot God, onse Vader,
Hy wat ons oproep tot bekering en 'n ewige lewe saam met Hom:
A/ Here, lei ons op u weg van waarheid.

V/ Here onse God, in Adam het ons geval,
maar deur die nuwe mens Jesus, help U ons opstaan;
laat ons al hoe meer soos Jesus word.
A/ Here, lei ons op u weg van waarheid.

V/ Open ons oë:
laat ons u Seun in ons medemense herken
en vreugde bring aan almal wat ons ontmoet.
A/ Here, lei ons op u weg van waarheid.

V/ Gee ons krag om nie toe te gee aan die kwaad nie,
maar om U te soek in alles wat ons doen.
A/ Here, lei ons op u weg van waarheid.

V/ Vergeef ons sondes,
veral waar ons deur skinder en twis verdeeldheid onder u volk bring;
help ons om eensgesind met mekaar te lewe.
A/ Here, lei ons op u weg van waarheid.

V/ Heilige God,
deur die vrywillige vernedering van u Seun
het u die gevalle mensdom weer opgehelp.
Skenk ware blydskap aan u gelowiges:

U het ons almal
uit die slawerny van die sonde bevry;
laat ons eendag deel in die vreugde van u Koninkryk.
Deur Christus, onse Here.
A/ Amen.

V/ Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons.
A/ God, wees ons, sondaars, genadig.

Die volgende vers word gesing:

Sy, geseënde onder vroue,
sidder vir die hamerhoue,
sien hoe kruisig hul die Heer.

Quae maerebat et dolebat,
pia Mater, dum videbat
Nati poenas inclyti.

VIERDE STASIE

JESUS ONTMOET SY BEDROEFDE MOEDER

V/ Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
A/ want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

VOORLESING UIT DIE HEILIGE SKRIF

L/: Ons luister na die woorde van die heilige Evangelie volgens Lukas

"Simeon het hulle geseën en vir Maria, sy moeder, gesê: "Kyk, hierdie Kindjie is bestem vir die val en die opstaan van baie mense in Israel, as 'n teken wat betwis word, sodat die bedoelinge van baie mense aan die lig kan kom. En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan." *(2:34-35, DV)*

VOORLESING UIT DIE HEILIGE SKRIF

L/: Ons luister na die woorde van die heilige Evangelie volgens Matteus

"Vanaf die sesde tot die negende uur het daar duisternis oor die hele aarde toegesak. Teen ongeveer die negende uur het Jesus met 'n harde stem uitgeroep: "Eli,Eli, lemá sabagtani?" Dit beteken 'My God, my God, waarom het U My verlaat?' Toe sommige van dié wat daar staan, dit hoor, het hulle gesê: "Hy roep na Elia." Dadelik het een van hulle nader gehardloop, 'n spons geneem, dit in suur wyn geweek, op 'n riet gesit, en vir Hom gegee om te drink.. Maar die ander het gesê: "Wag, laat ons sien of Elia hom kom red." Toe het Jesus weer met 'n harde stem uitgeroep en sy asem uitgeblaas." *(27:45-50, DV)*

OORDENKING

Hy hou nooit op om Homself
geheel en al aan ons te gee nie,
Hy tree vir ons in by God, die Vader,
nou en vir altyd.
Sy offer is volbring,
Hy sterf nie meer nie.
Hy is die Lam wat gedood is en tog lewe.

SMEEKBEDE

V/ Ons rig ons gebede tot ons Verlosser;
Hy wat vir ons gesterf het, begrawe is en uit die dood opgestaan het:
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ Here en Meester,
om ons ontwil was U gehoorsaam tot die dood toe;
gee ons die krag om altyd die Wil van die Vader te doen.
A/ Ons aanbid U, Christus, en ons loof U.

V/ U sit in die heerlikheid van God die Vader,
laat die oorledenes ervaar dat U die Opstanding en Lewe is.
A/ Here, verhef ons deur u kruis.

V/ God, onse Vader,
toe ons verlore was
en nie in staat was om op ons eie na U toe te kom nie,
het U ons gewys hoe lief U ons het:
u Seun het Homself oorgelewer in ons hande
en ons het Hom aan die kruis gehang.
Daar het Hy met wyd uitgestrekte arms
die onverwoesbare teken geword
van dié nuwe verbond tussen hemel en aarde,
Hy wat met U leef en heers,
één God, tot in alle ewigheid.
A/ Amen.

V/ Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons.
A/ God, wees ons, sondaars, genadig.

Die volgende vers word gesing:

Ek bely wat ek gedoen het,
want ek weet dat Hy versoen het
ons met God deur al sy pyn.

Virgo virginum preaclara,
mihi jam non sis amara:
fac me tecum plangere.

TWAALFDE STASIE

JESUS STERF AAN DIE KRUIS

V/ Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
A/ want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

OORDENKING

Deur Christus in haar skoot te ontvang, deur Hom in die wêreld te bring, te voed, in die tempel aan sy Vader op te dra, aan die voet van sy kruis te staan, deur al hierdie dinge en lewensoomblikke het Maria op 'n heel uitsonderlike wyse deelgeneem aan haar Seun se verlossingswerk. Deur Maria se gehoorsaamheid, deur haar geloof, deur haar hoop en deur haar vurige liefde was haar hele lewe in diens van ons Verlossing.

SMEEKBEDE

V/ Laat ons tot Hom bid,
wat die Maagd Maria uitverkies het om Moeder van sy Seun te wees:
A/ My hart besing die grootheid van die Here.

V/ Heilige God,
deur die lyding en dood van u Christus het U sy moeder
van elke smet gevrywaar, hou ons ook vry van die sonde.
A/ My hart besing die grootheid van die Here.

V/ Vader van die ewige Woord,
U het die skoot van die Maagd Maria tot heiligdom vir u Seun omskep;
laat ons ook tempels wees van die Heilige Gees.
A/ My hart besing die grootheid van die Here.

V/ God van alle wysheid,
Maria het u woord in haar hart bewaar en dit oorpeins;
laat ons na u woord luister en dit onderhou.
A/ My hart besing die grootheid van die Here.

V/ Here onse God,
U het Maria uit die doodslaap opgewek;
wys ons die weg wat na die ewige lewe lei.
A/ My hart besing die grootheid van die Here.

V/ Allerheilige God,
dit was u wil dat Maria u Seun sou bystaan
as moeder vol van smarte
toe Hy aan die kruishout gehang het.
Ons bid U:
gee dat u Kerk saam met haar in Christus se lyding sal deel
en ook die vreugde ervaar van sy Opstanding uit die dood.
Deur Christus, onse Here.
A/ Amen.

V/ Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons.
A/ God, wees ons, sondaars, genadig.

Die volgende vers word gesing:

Diep ontroer die pyn en smarte
van die moeder van ons harte
waar ons met haar staan en ween.

Quis est homo, qui non fleret,
Matrem Christi si videret
in tanto supplicio?

EERSTE STASIE
SIMON VAN CIRÉNE HELP JESUS DIE KRUIS DRA

V/ Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
A/ want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

VOORLESING UIT DIE HEILIGE SKRIF

L/: Ons luister na die woorde van die heilige Evangelie volgens Lukas

"Toe die soldate Jesus weglei, het hulle 'n sekere Simon van Sirene gegryp wat van die platteland af gekom het. Hulle het die kruis op sy rug gesit om dit agter Jesus aan te dra. *(23:26, DV)*

VOORLESING UIT DIE HEILIGE SKRIF

L/: Ons luister na die woorde van die heilige Evangelie volgens Lukas

"Toe hulle by die plek kom wat Kopbeen genoem word, het hulle Hom daar gekruisig – so ook die misdadigers, een aan sy regterhand en een aan sy linkerhand. Toe sê Jesus: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." *(23:33-34, DV)*

OORDENKING

Vrees nie, moenie bang wees nie. Hoe pynlik dit ook al vir My is, slaan die spykers geen smart in My in nie, maar so dring julle liefde al hoe dieper in My. Die wonde laat My nie uitskreeu nie, maar bring julle al hoe dieper in My binneste. My liggaam wat aan die kruishout uitgestrek is, vererger My foltering nie, maar gee vir julle meer ruimte in My skoot. My bloed gaan nie vir My verlore nie, maar word as prys vir julle betaal. *(Uit die geskrifte van Sint Petrus Chrysologus)*

SMEEKBEDE

V: Ons bid tot Hom wat van die aarde af omhoog verhewe is
om almal na Hom toe te trek:
A/ Here, verhef ons deur u kruis.

V/ Here Jesus, U het Uself leeg gemaak en klein geword
om aan mense gelyk te wees; leer ons u gesindheid teenoor die lewe.
A/ Here, verhef ons deur u kruis.

V/ U het Uself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe;
help ons om in ons eie lewens ook die Vader se Wil te volbring.
A/ Here, verhef ons deur u kruis.

V/ Herinner ons aan ons Doop;
help ons om trou te wees aan die beloftes wat ons destyds gemaak het.
A/ Vermeerder ons liefde vir U.

V/ Skenk ons krag tot bekering
en vergewe ons in u genade al ons skuld.
A/ Vermeerder ons liefde vir U.

V/ Here, verhoor ons gebede in u groot barmhartigheid,
laat ons die heeltyd nuwe mense word
soos ons leer om u Seun te volg
en deur sy Gees die krag ontvang
om innerlik geheilig te word
en die ou mens af te sterf.
Deur Christus, onse Here.
A/ Amen.

V/ Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons.
A/ God, wees ons, sondaars, genadig.

Die volgende vers word gesing:

Laat my hart van liefde gloei,
wil my siel aan Christus boei
dat ek steeds met Jesus bly.

Juxta Crucem tecum stare
et me tibi sociare
in planctu desidero.

ELFDE STASIE
JESUS WORD AAN DIE KRUIS GEHANG

V/ Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
A/ want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

OORDENKING

Kom ons dra onsself nou op aan God. Elke dag behoort ons al ons doen en late aan Hom op te offer. God bly getrou aan ons en dié wete gee ons die krag om getrou te bly aan God. Ons volg sy lyding deur ons eie lyding, ons eer sy Bloed deur ons eie bloed, soos ons met geloof en blymoedigheid ons eie kruise bestyg.

SMEEKBEDE

V/ Ons bid tot die Here Jesus,
Hy wat aan die kruis almal na Hom toe getrek het:
A/ Here, trek ons nader aan U.

V/ Roep in die lig van u kruis
alle mense tot U: open hul oë vir die weg, die waarheid en die lewe.
A/ Here, trek ons nader aan U.

V/ Leer ons om soos kinders van die lig te lewe;
openbaar aan ons die krag van u genade.
A/ Here, trek ons nader aan U.

V/ Raak met u liefde almal aan wat van U afgedwaal het;
bring sondaars tot inkeer en maak hulle tot u vriende.
A/ Here, trek ons nader aan U.

V/ Neem alle oorledenes by U op:
laat hulle vir altyd onder u heiliges gereken word.
A/ Here, trek ons nader aan U.

V/ Here God, in Jesus, u Dienaar,
roep U alle mense op tot bekering en geloof in die blye boodskap.
Keer ons af van ons sondigheid,
gee ons die moed om u uitnodiging te aanvaar
en die weg te volg van Jesus, u Seun.
Hy wat met U in die eenheid van die Heilige Gees leef en heers,
één God, tot in alle ewigheid.
A/ Amen.

V/ Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons.
A/ God, wees ons, sondaars, genadig.

Die volgende vers word gesing:

Maar die kelk in al sy wrangheid
vir die Moeder in haar bangheid
ledig sy en sy alleen.

Pro peccatis suae gentis
vidit Jesum in tormentis
et flagellis subditum.

SESDE STASIE

VERONICA DROOG JESUS SE GESIG AF

V/ Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
A/ want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

VOORLESING UIT DIE HEILIGE SKRIF

L/: Ons luister na die woorde van die profeet Jesaja

"Hy het nie 'n gestalte gehad, geen glans, dat ons na hom sou kyk nie, nie 'n goeie voorkoms, dat ons hom sou begeer nie. Hy is verag, deur mense verlaat, 'n mens van smarte, bekend met siekte, soos iemand vir wie 'n mens jou gesig verberg. Hy is verag, en ons het hom nie geag nie." *(53:2-3,DV)*

OORDENKING

Dit is die weg, waarop ons die verlossing vind: Jesus Christus, die Hoëpriester van ons offergawes, die Beskermer en Helper wat ons in ons swakheid te hulp snel. Deur Hom kyk ons op na die hoë hemel; deur Hom

"Toe die soldate Jesus gekruisig het, het hulle sy bokleed geneem en dit in vier dele verdeel, vir elke soldaat 'n deel, en so ook sy onderkleed. Maar die onderkleed was naatloos, van bo tot onder aaneen geweef. Hulle sê toe vir mekaar, "Laat ons dit nie skeur nie, maar loot wie dit moet kry," sodat die Skrif vervul sou word wat sê: "Hulle het my boklere onder mekaar gedeel en oor my klere het hulle die lot gewerp." Dit is wat die soldate toe gedoen het." *(19:23-24, DV)*

OORDENKING

Wil jy die liggaam van Christus vereer? Hoe betoon 'n mens die nodige respek aan die liggaam van die Here? Verag Hom dan nie, noudat Hy naak is nie. Moet Hom nie vereer as Hy in die beste klere geklee is en Hom verag as Hy buite in die koue in flenters bedel nie. Want Hy, wat gesê het: "Dit is my liggaam", en sy woord by daad gevoeg het; Hy het ook gesê: "Ek was honger en julle het My nie gevoed nie, ek was nakend en julle het My nie klere gegee nie", en "Alles wat julle vir die geringste van hulle gedoen het, het julle ook vir My gedoen".

SMEEKBEDE

V/ Ons bid tot Hom wat sy Christus gestuur het
om die Blye Boodskap te verkondig:
A/ Vermeerder ons liefde vir U.

V/ Here, laat ons altyd alle mense erken
as kinders van één Vader en opreg besorg wees oor hulle welsyn.
A/ Vermeerder ons liefde vir U.

V/ Maak ons gevoelig vir die behoeftes van armes
en mense wat in ellende verkeer,
sodat Christus se liefde duidelik sigbaar
in die lewens van sy volgelinge sal word.
A/ Vermeerder ons liefde vir U.

V/ Here Jesus Christus,
U is sagmoedig en vergewensgesind.
Daarom het U mens geword soos ons,
om ons 'n voorbeeld van nederigheid na te laat
en ons standvastig te maak
in die lyding wat na ons toe kom.
Gee dat ons altyd die goeie
wat ons vanuit u hand ontvang het, sal bewaar
en, elke keer as ons in sonde verval,
met u hulp berouvol sal opstaan.
U wat leef en heers tot in alle ewigheid.
A/ Amen.

V/ Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons.
A/ God, wees ons, sondaars, genadig.

Die volgende vers word gesing:

Voor die strafgerig verby is
en sy lewe afgesny is,
reeds deur elke vriend verlaat.

Fac me tecum pie fiere,
Crucifixo condolere,
donec ago vixero.

TIENDE STASIE

JESUS WORD VAN SY KLERE BEROOF

V/ Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
A/ want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

VOORLESING UIT DIE HEILIGE SKRIF

L/: *Ons luister na die woorde van die heilige Evangelie volgens Johannes*

aanskou ons sy onbevlekte en verhewe gelaat; deur Hom
word die oë van ons hart geopen.

SMEEKBEDE

V/ Ons bid tot die Vader,
wat onse Here Jesus Christus voor die oë van sy dissipels verheerlik het:
A/ God, stuur ons u lig!

V/ Here onse God,
U het die lig laat opgaan in die duisternis:
U het ons die glorie van u Seun openbaar;
laat ons oë gerig bly op ons Verlosser.
A/ God, stuur ons u lig!

V/ Vanuit 'n helder verligte wolk
het U oor u geliefde Seun gespreek;
leer ons om na sy woord te luister.
A/ God, stuur ons u lig!

V/ U het ons geroep deur u genade
wat in Jesus Christus verskyn het;
laat sy Evangelie vir alle mense die lig word op hul lewensweg.
A/ God, stuur ons u lig!

V/ U het ons so grote liefde gegee
dat ons u kinders genoem mag word;
laat ons al hoe meer soos u Seun word,
wanneer Hy in heerlikheid verskyn.
A/ God, stuur ons u lig!

V/ Heilige Vader, magtige ewige God,
aan u uitverkore getuies het u Seun sy heerlikheid laat sien
en sy gestalte, gelyk aan dié van ons, het met glorie gestraal;
want die verskrikking van die kruis mag nie sy volgelinge laat wegvlug nie
en Hy wou dit aan ons openbaar dat die hele liggaam van die Kerk
vervul sal word met dieselfde heerlikheid waarmee ons hoof, Jesus Christus,
op wonderbare wyse verheerlik is.
A/ Amen.

V/ Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons.
A/ God, wees ons, sondaars, genadig.

Die volgende vers word gesing:

Sien die trane in haar oë!
Sy wil help, maar onvermoë
hinder haar om Hom te steun.

Vidit suum dulcem Natum
moriendo desolatum,
dum emisit spiritum.

SEWENDE STASIE

JESUS VAL DIE TWEEDE KEER ONDER DIE KRUIS

V/ Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
A/ want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

VOORLESING UIT DIE HEILIGE SKRIF

L/: Ons luister na die woorde van die brief aan die Hebreërs

"Want ons het nie 'n Hoëpriester wat nie medelye met ons swakhede kan hê nie, maar Een wat, soos ons, in alle opsigte versoek is, en dit sonder dat Hy gesondig het. Laat ons dan met vrymoedigheid die troon van genade nader, sodat ons ontferming en genade kan ontvang om op die regte tyd gehelp te word." *(4:15-16, DV)*

OORDENKING

Omdat Hy wat Here oor alles is, nie brandoffers nie, maar harte vol liefde soek, laat ons dan vandag ons medelye met Hom betuig deur die armes, die noodlydendes, die behoeftiges, die gevallenes, die ellendiges, die treurendes,

"Here, wat my terugruk uit die poorte van die dood, wees my genadig as U sien hoe my haters my teister, dat ek u dade kan verkondig in die poorte van Sion en juig oor die verlossing wat U gebring het." *(9:14-15, Katolieke vertaling)*

OORDENKING

Daar word nie vir jou gesê: "Doen jou beste om die weg te vind, om tot die waarheid en die lewe te kom" nie. Dit word beslis nie vir jou gesê nie. Wat wel gesê word is dit: "Kom luiaard, staan op, word wakker! Die Weg self het tot jou gekom en laat jou uit die slaap ontwaak – as Hy, wat die Weg is, jou kan wakker skud. Staan nou op en loop!" *(Uit die geskrifte van Sint Augustinus).*

SMEEKBEDE

V/ Vol vertroue bid ons tot die Here Jesus Christus:
A/ Here, verhoor ons gebed.

V/ Here Jesus, U prys hulle, wat saam met Maria,
na u woord luister en dit in hul hart bewaar;
laat ons altyd volgens u Evangelie lewe.
A/ Here, verhoor ons gebed.

V/ Laat u Kerk altyd waak oor dit wat U haar geleer het;
maak haar tot 'n getroue getuie van u lewe.
A/ Here, verhoor ons gebed.

V/ Hoe dikwels het ons U nie raakgesien
in hulle wat ons om hulp gevra het nie;
vergewe ons kortsigtigheid en ons gebrek aan naasteliefde.
A/ Here, verhoor ons gebed.

V/ Help ons om onsself in te span vir die geluk van ons medemense,
om saam te help bou aan 'n nuwe wêreld volgens u plan.
A/ Here, verhoor ons gebed.

V/ Lei die ontslapenes binne-in die lig waar U woon,
laat hulle vir altyd u aanskyn geniet.
A/ Here, dink aan ons in u goedheid.

V/ Almagtige ewige God,
U is die vertroosting vir die bedroefdes
en die sterkte vir hulle wat dit moeilik het.
Laat hul gebede tot U deurdring,
uit watter nood hulle ook al tot U roep.
Mag hulle in al hul beproewinge en met groot blydskap
u barmhartige bystand ervaar.
Deur Christus, onse Here.
A/ Amen.

V/ Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons.
A/ God, wees ons, sondaars, genadig.

Die volgende vers word gesing:

Vir sy volk – voor God so skuldig -
dra die Seun die straf geduldig:
Ja, verag is Hy, gesmaad.

Sancta Mater, istud agas
Crucifixi fige plagas
cordi meo valide.

NEGENDE STASIE

JESUS VAL DIE DERDE KEER ONDER DIE KRUIS

V/ Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
A/ want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

VOORLESING UIT DIE HEILIGE SKRIF

L/: Ons luister na die woorde van die boek van die Psalms

die moedeloses en die wanhopiges van hierdie aarde by te staan. Sodat ons, wanneer ons uit hierdie lewe weggaan, deur hulle in die ewigheid verwelkom sal word.

SMEEKBEDE

V/ Laat ons tot Christus, onse Here, bid, en vol vertroue sê:
A/ Here, ontferm U oor ons.

V/ Ons ken ons eie swakheid en ons geneigdheid tot die kwaad;
kom ons te hulp met u krag en skenk ons vergifnis.
A/ Here, ontferm U oor ons.

V/ Al het ons gesondig,
het ons U as ons Voorspraak by die Vader;
U wat sonder sonde is, maak al ons sonde tot niet.
A/ Here, ontferm U oor ons.

V/ Die verlore skaap vind 'n rusplek op u skouers,
die sondares word deur U vergewe;
wees ons ook genadig daar waar ons afdwaal.
A/ Here, ontferm U oor ons.

V/ Open die poorte van die paradys
vir hulle wat hul hoop op U gestel het;
dit was vir hul redding dat U al die lyding verduur het.
A/ Here, ontferm U oor ons.

V/ Heilige God, u krag kan nooit verflou nie,
u lig verminder nooit nie.
Sien met genade die wonderbare geheimenis van die hele kerk op aarde:
Voltrek in stilte die werk van u verlossing van alle mense,
soos U dit van ewigheid af bestem het.
Laat die hele wêreld ervaar en sien
dat U diegene wat geknak is weer ophelp,
en nuwe lewe gee daar waar dinge doods voorkom,
en dat alles deur Hom herstel word aan Wie hulle
hul ontstaan te danke het; Jesus Christus, onse Here.
A/ Amen.

V/ Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons.
A/ God, wees ons, sondaars, genadig.

Die volgende vers word gesing:

Sien die Lewe van haar lewe
tot verlossing ons gegewe
op die skandhout uitgestrek.

Eja, Mater, fons amoris,
me sentire vim doloris
fac, ut tecum lugeam.

AGSTE STASIE

JESUS TROOS DIE WENENDE VROUE

V/ Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
A/ want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

VOORLESING UIT DIE HEILIGE SKRIF

L/: Ons luister na die woorde van die heilige Evangelie volgens Lukas

" 'n Groot menigte van die volk het Hom gevolg, en ook vroue wat aanhoudend op hulle bors slaan en oor Hom weeklaag. Jesus het na hulle gedraai en gesê: "Dogters van Jerusalem,, moenie oor My huil nie! Huil liewer oor julleself en oor julle kinders, want kyk, daar kom dae wanneer mense sal sê, 'Gelukkig is diegene wat onvrugbaar is, en die moederskoot wat nie 'n kind in die wêreld gebring het nie, en die borste wat nie kinders gevoed het nie.' Dan sal hulle vir die berge begin sê, 'Val op ons!' en vir die heuwels, 'Bedek ons!' Want as hulle dit aan die groen hout doen, wat sal nie met die droë hout gebeur nie?' " *(23:27-32, DV)*

OORDENKING

Salig is hulle wat treur, want hulle sal vertroos word. Oor watter soort droefheid gaan dit hier? Hoewel dit sekerlik ook wêreldse droefheid en smarte insluit word niemand sommer so salig gemaak deur die trane wat gestort word as gevolg van ons ellendige omstandigehde nie. Hier kan ons iets by die heiliges leer – hulle sugte en die oorsaak van hul trane lê nie soseer by die onaangename dinge wat ons soms as mense moet verduur nie; nee, hulle trane is die gevolg van hul geestelike droefheid. Hulle ween oor hul eie sondes en oor die sondes van ander mense. Dit is beter om te ween oor die een wat die kwaad verrig as die een wat daaronder ly. Hulle wat ly onder ander mense se misdrywe weet tog immers dat hulle God se geregtigheid aan hul kant het.

SMEEKBEDE

V/ Laat ons vol vertroue tot die Vader bid en Hom sê:
A: Here, dink aan ons in u goedheid.

V/ Barmhartige Vader,
ons bid vir almal wat lyding verduur
en hul lyding verenig met die lydingsoffer van u Gekruisigde Seun.
A/ Here, dink aan ons in u goedheid.

V/ Bevry onskuldiges uit hul gevangenskap,
skenk blindes u lig, troos hulle wat treur oor hul afgestorwenes,
maak ons gevoelig vir die leed van ander.
A/ Here, dink aan ons in u goedheid.

V/ Gee ons die krag om die mag van die bose te weeerstaan.
A/ Here, dink aan ons in u goedheid.

V/ Kom ons te hulp in die uur van ons dood,
leer ons om trou te bly tot die einde toe en laat ons heengaan in vrede.
A/ Here, dink aan ons in u goedheid.